Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A (VERPLIGTEND) 30 PUNTE – 20 MINUTE

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die gedeelte van verbruik wat verander met besteebare inkomste word na … verbruik verwys.

A outonome
B produktiewe
C geïnduseerde
D direkte

1.1.2 ’n Sakesiklus wat verkry word wanneer die gevolge van onreëlmatige gebeurtenisse uit tydreeks data verwyder word, is ’n … sakesiklus.

A reële
B natuurlike
C leidende
D nuwe ekonomiese

1.1.3 ’n Regeringsfeer wat basiese dienste aan die mense lewer is die … regering.

A politieke
B sentrale
C basiese
D plaaslike

1.1.4 Die verskil tussen die waarde van sigbare uitvoere van goedere en dienste en die waarde van sigbare invoere is die …

A betalingsbalans.
B direkte investering.
C ruilvoet.
D handelsbalans.

1.1.5 Die verbod op die invoer van sekere goedere uit ’n bepaalde land.

A Hoeveelheid beheer
B Fisiese beheer
C Tariewe
D Kwotas



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.1.6 ’n Maatstaf van hoeveelheid geld verdien deur ’n individu wat gebruik word om die lewenstandaard van die bevolking te bepaal, staan as ... bekend.

A per kapita inkomste
B nominale inkomste
C lone
D groei-inkomste

1.1.7 ’n Platform wat geskep is om die ontwikkeling van dringende benodighede vaardighede te help om werkskepping te fasiliteer.

A Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
B Kritieke Infrastruktuur Program
C Gesamentlike Inisiatief vir die Verwerwing van Voorkeur-vaardighede
D Buitelandse investeringstoekenning

1.1.8 ’n Maatstaf van ’n verandering in die pryse van goedere wat plaaslik geproduseer word soos die fabrieksvloer verlaat, is die ...

A verbruikersprys-indeks
B produsentprys-indeks
C weging-indeks
D inflasieteikening. (8 x 2) (16)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by ’n item in pas. KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Stelsel van nasionale rekeninge | A oordrag van funksies en eienaarskap van die privaatsektor na die openbare sektor |
| 1.2.2 Vermindering van koste | B ’n landswye regeringsingryping om werk te skep deur arbeidsintensiewe metodes |
| 1.2.3 Nasionalisering | C welstand van mense wat deur gesondheid, onderwys en gesondheid bepaal word |
| 1.2.4 Spesiale trekkingsregte | D ’n landstreek wat ’n deurgang vorm wat as deel van streeksontwikkeling ontwikkeld was |
| 1.2.5 Deregulering | E ’n stelsel van internasionale riglyne om inligting oor ekonomiese ontleding en formulering van makro-ekonomiese beleid te verskaf |
| 1.2.6 Uitgebreide Openbare Werke Program | F die aantal jare wat ’n persoon verwag om te leef gebaseer op statistieke gemiddeldes |
| 1.2.7 Korridor | G finansieringsinstrument verdeel tussen lidlande van die Internasionale Monetêre Fonds |
| 1.2.8 Lewensverwagting | H die verwydering van wette, regulasie en by-wette deur die regering |
| | I ’n aanbodkant-beleid wat skommelinge in die ekonomie gladstryk |

(8 x 1) (8)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Gee EEN term/woord vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die totale waarde van alle goedere en dienste wat deur permanente inwoners van ŉ land vervaardig word

1.3.2 Die duur van ŉ sakesiklus gemeet van trog tot trog, of van piek tot piek

1.3.3 ŉ Illustrasie van die teoretiese verband tussen belastingkoerse en belastinginkomste

1.3.4 ŉ Handelsbeleid wat die verskaffing van aansporings behels om plaaslike produsente aan te moedig om goedere vir uitvoere te produseer

1.3.5 Die verskil in ekonomiese ontwikkeling tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande

1.3.6 Regeringsprogramme om investering en werkskepping in gebiede met hoë groei potensiaal aan te moedig (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is dit nodig om die oorverhitte ekonomie te demp (buitensporige groei)? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit Google images]

2.2.1 Identifiseer uit die grafiek hierbo 'n letter wat geldbesteding op kapitale goedere verteenwoordig. (1)

2.2.2 Noem die tipe ekonomie wat deur die diagram hierbo uitgebeeld word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *vermenigvuldiger*. (2)

2.2.4 Verduidelik die negatiewe effek van 'n styging in invoerbesteding op die grootte van die vermenigvuldiger. (2)

2.2.5 Gebruik die formule $K = \Delta Y/\Delta J$ om die waarde van die vermenigvuldiger te bereken vanuit die scenario hierbo.
Toon alle bewerkings. (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OPENBARE SEKTOR MISLUKKING: IS DIE REGERING BESIG OM SUID-AFRIKA SE EKONOMIE TE VERWOES?**

'n Nuwe verslag deur die Sentrum vir Ontwikkeling en Ondernemings (SOO) voer aan dat swak beleide en swak regerings ekonomiese groei vernietig.

Die verslag het volgende geïdentifiseer:

- Onvoldoende energie voorsiening is Suid-Afrika se mees kritieke beperking op groei – Die handhawing van Eskom-monopolie het beteken dat 'n ineenstorting deur korrupsie, onbevoegdheid het katastrofiese implikasies vir die hele land gehad.
- Die Zondo-kommissie het bevind dat die staat meer as R57 biljoen aan korrupsie besmette kontrakte bestee het.
- Transnet se monopolie op swak hawebestuur en spoorweg-infrastruktuur verduidelik hoekom sy dienste afgeneem het, maar kostes het gestyg
- Die aanstelling van onbevoegde mense in sleutel-organisasies was die belangrikste faktor wat tot vervalle openbare infrastruktuur bygedra dit.

[Aangepas uit https://dailyinvestor.com/south-africa/19596. Toegang op 22 Maart 2024 verkry.]

2.3.1 Identifiseer EEN parastataal uit die uittreksel hierbo. (1)

2.3.2 Noem 'n kenmerk van openbare sektor mislukking. (1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die term *openbare sektor mislukking.* (2)

2.3.4 Verduidelik die impak van korrupsie op volle indiensneming as 'n makro-ekonomiese objektief. (2)

2.3.5 Hoe kan onbevoegdheid in staatsondernemings dienslewering beïnvloed ? (4)

2.4 Verduidelik kortliks die verhouding tussen die finansiële sektor en die ander deelnemers in die ekonomiese kringloop-model. (8)

2.5 Hoe kan eksogene faktore ekonomiese skommelinge veroorsaak (sakesiklusse)? (8)

**[40]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWE 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE vorms van ekonomiese integrasie. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan die ekonomie sy produktiwiteit vermeerder? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRICS UITBREIDING**




Die 15de uitgawe van die jaarlikse BRICS-beraad wat in 2023 in Suid-Afrika gehou was, het 'n besluit geneem om die BRICS-blok uit te brei en nuwe lede toe te laat.

Vyf lande, Saoedi-Arabië, Egipte, Ethiopië, Iran en die VAE is nou volle lede van die BRICS handelsprotokol.

[Aangepas en vertaal uit livemint.com. Toegang op 5 April 2024 verkry.]

3.2.1 Identifiseer EEN nuwe lidland van BRICS. (1)

3.2.2 Noem die handelsooreenkoms (protokol) tussen die Verenigde State en sub-Sahara Afrika lande. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *handelsprotokol*. (2)

3.2.4 Verduidelik die hoofdoel van BRICS. (2)

3.2.5 Hoe kan vryhandel die ekonomieë benadeel? (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EKONOMIESE AANWYSERS**

| AANWYSERS | NUUTSTE WAARDE | VERWYSING | MAATSTAF |
|---|---|---|---|
| Inflasie | 5,6 | 12/2023 | Persent |
| VPI | 114 | 02/2024 | Indeks punte |
| Geldvoorraad | 376 845 | 02/2024 | ZAR miljoen |
| Werkloosheidskoers | 32,1 | 12/2023 | Persent |
| Rentekoers (repo) | 8,25 | 02/2024 | Persent |
| Wisselkoers | 18,87 | 26/03/2024 | US$/rand |

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) voorspel dat sy globale ekonomiese groei sal styg tot 3,1% ten spyte van die verbeterde globale uitkyk vir 2024, Suid-Afrika se groeiprestasie bly gestrem in vergelyking met ander lande.

[Aangepas en vertaal uit trading.com; statista.com & treasury.gov.za. Toegang op 5 April 2024 verkry.

3.3.1 Identifiseer 'n ekonomiese aanwyser uit die tabel hierbo wat met buitelandse handel verband hou. (1)

3.3.2 Noem EEN geldvoorraad-aanwyser. (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die term *werkloosheidskoers*. (2)

3.3.4 Verduidelik die belangrikheid om die prestasie van die ekonomie te meet. (2)

3.3.5 Ondersoek die rol van internasionale instellings in die standaardisering van 'n land se aanwysers. (4)

3.4 Verduidelik kortliks die voordele van invoervervanging. (8)

3.5 Hoe kan spesiale ekonomiese sones (SES) tot die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse ekonomie bydra? (8)

**[40]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van NOS in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe beïnvloed prysveranderinge die monetêre vloei in die ekonomiese-kringloop? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die informasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SAAMGESTELDE SAKESIKLUSSE AANWYSERS VIR SUID-AFRIKA**




Die saamgestelde samevallende sakesiklus-aanwyser het in November 2023 toegeneem en ’n toename is ook aangeteken vir die saamgestelde en sloerende sakesiklus-aanwysers gedurende dieselfde periode. ’n Daling in die saamgestelde aanwyser toon dat gemiddelde ure gewerk per werker ook gedaal het. Sommige sakesiklusse duur tussen 15–20 jaar, en word deur veranderinge in aktiwiteite in die bou- en konstruksie nywerhede veroorsaak.

[Aangepas en vertaal uit sarb/publikasies/ Feb 2024.pdf. Toegang op 31 Maart verkry.]

4.2.1 Identifiseer ’n voorbeeld van leidende aanwysers uit die inligting hierbo. (1)

4.2.2 Noem die tipe sakesiklus wat tussen 15–20 jaar duur. (1)

4.2.3 Verduidelik kortliks die term *saamgestelde aanwyser*. (2)

4.2.4 Verduidelik saamvallende aanwysers as ’n kenmerk wat in vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word. (2)

4.2.5 Waarom gebruik ekonome bewegende gemiddeldes in die analisering van ekonomiese tendense? (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NYWERHEIDS-ONTWIKKELINGSTRATEGIEË IN SUID-AFRIKA**

Die Suid-Afrikaanse regering het aksie geneem om uitdagings in die ontwikkeling van nywerhede aan te spreek deur verskeie beleide en strategieë. Dit sluit die volgende in, NVOS, IPAP, NNBR en GVS. Verskillende vervaardiging- en diens-aansporings word deur die Departement van Handel en Nywerheid verskaf om streeksontwikkeling te verbeter.

[Aangepas en vertaal uit https://www.thedtic.gov.za/sectors-and-services-2/industrial-development/. Toegang op 5 April 2024 verkry.]

4.3.1 Identifiseer 'n nywerheidsonwikkelingsbeleid uit die inligting hierbo. (1)

4.3.2 Noem EEN aansporing wat die Suid-Afrikaanse regering gebruik om nywerheidsontwikkeling aan te moedig. (1)

4.3.3 Verduidelik kortliks die term *nywerheidsontwikkeling*. (2)

4.3.4 Verduidelik mededinging as een van die algemene kriteria vir streeksontwikkeling. (2)

4.3.5 Hoe kan die Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS) industrialisasie in Suid-Afrika bevorder? (4)

4.4 Onderskei tussen *Meduimtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR)* en die *Medium-termyn begrotingsbeleidraamwerk (MTBBR)*. (8)

4.5 Analiseer gesondheid as 'n sosiale aanwyser. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag van die TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br>**Hoofgedeelte**: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br>**Bykomende gedeelte**: Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die redes vir internasionale handel. (26 punte)
- Hoe kan verandering in ruilvoet die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die vraagkant-benadering in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika. (26 punte)
- Evalueer die suksesse van die Nasionale Ontwikkelingsprogram (NOP) in die bevordering van groei en ontwikkeling. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.